CENTRAL SENTRAAL **KAROO**
DISTRIKSMUNISIPALITEIT / DISTRICT MUNICIPALITY
UMASIPALA WESITHILI SASE

63 Donkin Street
Donkinstraat 63
Private Bag X560
Privaatsak X560
Ingxowa X560
BEAUFORT WES(T)/ BHOBHOFOLO
6970

iFaksi / Fax / Faks: 023 - 415 1253
iFowuni / Tel: 023 - 449 1000
E-mail:manager@skdm.co.za

## Tender: Algemene & Aanvullende Waardasies vir die Sentraal Karoo Distriks Munisipaliteit streek.

## CKDM 04-2011/12

Tenders word hiermee ingewag van ervare, gekwalifiseerde en geregistreerde Waardeerders met voldoende ondervinding vir die uitvoering en instandhouding van ‘n Algemene Waardasie en Aanvullende Waardasies en opstel van toepaslike waardasielyste in terme van Die Wet op Plaaslike Owerhede:Munisipale Eiendoms Belasting (Wet 6 van 2004) vir die finansiële jare 1 Julie 2013 – 30 Junie 2017.

**Amptelike tender dokumente en tender spesifikasies is slegs verkrygbaar tydens die verpligte inligting sessie, soos gehou gaan word op 19 Januarie 2012 om 12H00 in die Martin Odendaal Raadsaal van die Sentraal Karoo Distriksmunisipaliteit. Dokumente moet vooraf bespreek word by Mev L Strümpher by Tel: 023/4491000.** ‘n Nie-verhaalbare deposito van R150,00 is betaalbaar met afhaal van dokument.

Slegs behoorlik voltooide tenders wat ondersteun word deur dokumente met betrekking tot bewys van vorige ondervinding op hierdie gebied en kennis van die Wet op Eiendoms Belasting (Wet 6 van 2004) en alle ander toepaslike wetgewing sal oorweeg word.

**Tenders en ondersteunende dokumente moet in verseëlde koeverte geplaas word in die tender bus by die kantore van die Sentraal Karoo Distriksmunisipaleit** (oorkant ABSA bank) **te Donkinstraat 63, Beaufort-Wes.** Dokumente moet duidelik gemerk wees**: Tender: Algemene & Aanvullende Waardasies 2013 – 2017. CKDM 04-2011/12. Tender sluit op 03 Februarie 2012 om 12H00,** waarna dit in die openbaar by die Distriks Munisipale kantoor oop gemaak sal word.

Tenders per faks / e-pos sal nie oorweeg word nie. Ongemerkte – en laat tenders sal as sulks gemerk word en nie oorweeg word nie.

Die Raad is nie verplig om die laagste of enige tender te aanvaar nie en behou die reg om onvolledige tenders te verwerp.

Tenderaars moet op sluitingsdatum van hierdie tender reeds aan al die vereistes en tender spesifikasies deur die Raad gestel voldoen. Slegs tenders van ervare en geregistreerde Waardeerders sal oorweeg word.

Alle tenders is vas vir ‘n tydperk van 60 dae na datum van sluiting van tender.

Mnr S Jooste
Waarnemende Munisipale Bestuurder
Donkinstraat 63 / Privaatsak X560
**BEAUFORT WES**
6970